**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**SEPTEMBER 2022**

**PROEFEKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *14* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :**

| | |
|---|---|
| **AFDELING A: BEGRIPSTOETSE** | **(30)** |
| **AFDELING B: OPSOMMING** | **(10)** |
| **AFDELING C: TAALWERK** | **(40)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

***STERKTE!!!***

<u>AFDELING A</u> :<u>LEESBEGRIP</u>

VRAAG 1

Lees die koerantberig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A: KOERANTBERIG

# DIE MEISIE WAT WEIER OM OP TE GEE



pressreader.com

1 ***Tienerheld gereed vir varsity terwyl sy sedert geboorte teen 'n lewensgevaarlike siekte baklei.***

2 Met haar geboorte, het Teniel Smit se ma gebid dat sy net tot Kersfees gespaar moet word sodat sy op hierdie spesiale dag een foto van haar en haar babadogtertjie kan neem.

3 Teniel is met 'n lewensgevaarlike siekte, sistiese fibrose, ('n longsiekte) gebore en dokters het vir haar ma gesê dat sy nie ouer as ses maande sal word nie. Buiten die siekte is sy ook met 'n obstruksie na haar maag gebore wat dit vir haar moeilik maak om te eet. Slegs 10% van sistiese fibrose lyers word hiermee gebore. Die pediater wat toevallig dié aand aan diens was, dr. Gebers, is 'n spesialis op sistiese fibrose en kon Teniel dadelik diagnoseer. Daar is slegs een dokter wat gevind kon word wat bereid was om op haar te opereer. Na 18 jaar het dié tiener dit nie net oorleef nie, maar sy blink uit op baie gebiede. "Die twee dokters was regtig engele wat gestuur is en Teniel het bewys dat sy 'n regte vegtertjie is!" sê Alta, Teniel se ma.



heraldlive.co.za

4 Die pyn en lyding wat Teniel deur die jare moes deurgaan, kan nie beskryf word nie. Sy was allergies vir medikasie en sy was kort-kort doodsiek in die hospitaal. Op die ouderdom van drie het engele aan Teniel verskyn en sy het toe geweet sy kan enigiets oorwin. Van toe af kom engele in al haar prentjies wat sy teken, voor.

5 Haar ma sê ook dat mens nie met Teniel wil baklei nie, want sy baklei elke dag om te lewe.

6 

pressreader.com

Sy het pas haar matriek by Hoërskool Kaap Recife geskryf waar sy ook hoofdogter was. Sy moes tydens haar finale eksamen voltyds haar suurstoftenk (*oxygen tank*) gebruik. Teniel, wat vir haar vakke A's en B's kry, is ook ten volle tweetalig.
Volgens haar het die skool haar baie ondersteun; sy kon selfs 'n deel van haar gr. 11-eksamen in die hospitaal skryf. Haar wiskunde onderwyser, mev. Theron, het ook gedurende die derde kwartaal in haar matriekjaar hospitaal toe gegaan om daar vir Teniel klas te gee. Sy was slegs, as gevolg van haar siekte, drie volle dae gedurende dié kwartaal by die skool.

7 Sy is dié tipe kind wat elke dag ten volle leef en dinge voluit doen. Haar geloof en haar vriende wat haar in alles ondersteun, maak die lewe vir haar die moeite werd. Daar is dae wat sy bid om net deur die dag te kom en ander dae wat sy bid dat sy net deur elke minuut van die dag kan kom.

8 Teniel blom as sy van die nuwe hoofstuk in haar lewe, universiteit, praat. Maar die pad was nie maklik nie. Volgens Alta was die pad baie moeilik wat net met geloof en wonderwerke geloop kon word.

9 Teniel wil volgende jaar Logistiek by NMU gaan studeer en sy dink baie prakties oor haar toekoms. Wanneer sy later bedlêend is en nie meer werk toe kan gaan nie, sal sy dan steeds van die huis kan werk. Al is sy bedlêend, moet sy steeds kan werk om vir haarself finansieel te sorg. Vir so 'n jong mens om oop en eerlik oor die dood te gesels, breek 'n mens se hart. En dit is moeilik om na haar te kyk en te dink dat so 'n lewendige kind die dood as deel van die lewe aanvaar.



ne-np.facebook.com

10 Die lewensverwagting vir 'n persoon met sistiese fibrose is ongeveer 42 jaar, maar ten spyte daarvan wil sy nie sit en wag om dood te gaan nie. Sy het met joga begin wat haar kalm maak en haar leer om haar emosies beter te kan hanteer. Dit laat haar ook fisies sterker voel.

11 Ma en dogter bid elke dag saam vir krag en genade. Alta sê dat Teniel se storie nie een van lyding is nie, maar dit moet eerder 'n storie van hoop, deursettingsvermoë, liefde en wonderwerke vir andere wees .

[Vertaal en aangepas uit *Weekend Post*, Saterdag, 28 Desember 2019]



NS: Teniel het haar graad 12 met vyf onderskeidings geslaag. Op die foto links het sy die "*Premier's Award for the highest achievement in LSEN, Cluster B*" ontvang.

Heraldlive.co.za

**LET WEL:**

- **Beantwoord AL die vrae.**
- **Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.**

**1.1 Haal 'n sinoniem vir "varsity" uit die stuk aan. (1)**

**1.2 "Met haar geboorte ..."**

**1.2.1 het haar ma vir iets gebid. Waarvoor het sy gebid? (1)**

**1.2.2 Wat was die rede vir hierdie gebed? (1)**

**1.3 Wat word die lewensgevaarlike siekte waaraan Teniel ly, genoem? (1)**

**1.4 Watter organe in jou liggaam word deur hierdie siekte aangetas? (1)**

**1.5 Gelukkig is hierdie siekte die enigste probleem wat Teniel gehad het.**

**1.5.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? JA/NEE?**

**1.5.2 Verduidelik waarom jy so sê. (1)**

**1.5.3 Hoe affekteer dit Teniel verder, indien wel? (1)**

**1.5.4 Hoeveel sistiese fibrose lyers ly ook hieraan? (1)**

**1.6 "Die twee dokters was regtig engele..." (paragraaf 3)**

**1.6.1 Word hierdie woorde LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)**

**1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 deur te verduidelik wat die woorde beteken. (1)**

**1.6.3 Wat het elkeen van hierdie dokters vir Teniel gedoen? (2)**

**1.7 Hoe het "engele" Teniel se lewe beïnvloed? Haal agt opeenvolgende woorde aan as antwoord. (1)**

**1.8 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.8) en die letter (A-D) neer.**

**Teniel was kort-kort in die hospitaal, want ...**

**A. sy kon nie eet nie.**
**B. skoolgaan het haar baie moeg gemaak.**
**C. sy was allergies vir die medisyne.**
**D. sy kon nie asemhaal nie. (1)**

1.9 Verduidelik in jou eie woorde waarom haar ma sê 'n mens wil nie sommer met Teniel baklei nie. (1)

1.10 Teniel het 'n suksesvolle hoërskoolloopbaan gehad.

Pas die beskrywing in KOLOM B by die stelling in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (1.10.1-1.104) by die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 Sy was 'n studenteleier. | A. Sy ontvang die "*Premier's Award for the highest achievement in LSEN*" |
| 1.10.2 Sy het vir onderskeidings gewerk. | B. Sy gaan Logistiek studeer. |
| 1.10.3 Sy was heeltemal tweetalig. | C. Sy was hoofmeisie by haar skool. |
| 1.10.4 Sy het 'n toekenning van die Premier van die Oos-Kaap gekry. | D. Sy kon vlot in Engels en Afrikaans praat. |
| | E. Sy het vyf A's in matriek gekry. |

(4)

1.11 Hoeveel skooldae was Teniel in kwartaal 3 in matriek by die skool? (1)

1.12 Kies die korrekte antwoord uit die volgende sin en skryf dit neer.

Teniel het (in God/in haarself) geglo om te kan oorleef. (1)

1.13 Waarom het Teniel spesifiek Logistiek gekies om by NMU te gaan studeer? (1)

1.14 Gee een rede waarom Teniel joga begin doen het. (1)

1.15 Hoe pas die titel van die artikel by die teks? (1)

**TEKS B: SPOTPRENT**




Uit: cdn.24.co.za

**1.16 Kies die korrekte antwoord uit die volgende sin en skryf dit neer.**

**Pa (fluister/praat hard) met Ma.** **(1)**

**1.17 Lyk dit of enige van die kinders skoolwerk doen? Verduidelik.** **(1)**

**1.18 Hoe kan ons sien dat die kinders eintlik skoolwerk moet doen?** **(1)**

**1.19 In watter vertrek is die kinders?** **(1)**

**1.20 Hoe weet ons die boetie en sussie by die tafel, baklei?** **(1)**

**1.21 Wie het altyd, voor covid 19 en die inperking, die skuld gekry vir kinders se swak punte?** **(1)**

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

'n Onderhoud is beslis 'n skrikwekkende ervaring. Lees die volgende wenke oor onderhoud-voering deur en som sewe wenke oor hoe jy selfvertroue kan wys, neer.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE wenke oor hoe om selfvertroue gedurende 'n onderhoud te wys, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys in die regte volgorde neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**Hoe om selfvertroue in 'n onderhoud te toon.**

Die volgende stappe sal beslis help om die indruk te skep dat jy meer selfvertroue het, maar onthou ook om jouself nie te hard te oordeel nie.

Oefen jou oogkontakvaardighede en kyk die persoon na wie jy luister of met wie jy praat, in die oë. Dit wys dat jy regtig luister en belangstel in wat die paneel sê.

Jou lyftaal maak saak. Moenie jou arms of bene verdedigend kruis of wegkrimp in die ruimte rondom jou nie. Moet ook nie jou senuweeagtigheid wys deur met jou hande te vroetel of jou voet of been te wikkel nie. Handgebare wat jou punt ondersteun, is aanvaarbaar tydens onderhoude, maar moet dit nie oordoen nie.

'n Glimlag is altyd die maklikste en doeltreffendste manier om selfvertroue te toon, maar waar dit gepas is. Moenie heeltyd glimlag nie en veral nie wanneer 'n ernstige onderwerp bespreek word nie.

Skud vooraf hand met jou familie en vriende en laat hulle sê of jou handdruk nie te pap of te styf is nie. Dit skep 'n goeie indruk as jy mense 'n stewige handdruk gee by die eerste ontmoeting, maar moenie hulle hande pynlik hard druk nie.

Praat stadig en duidelik en moenie die vraestellers oordonder deur aanhoudend te babbel of jou antwoord te gee voordat die vraag klaar is nie. Gee jouself genoeg tyd om die korrekte antwoord te kies en rustig asem te haal.

Moenie bang wees om ook vrae te vra tydens die onderhoud nie. As iets vir jou onduidelik is, is dit beter om te vra en duidelikheid te kry as om toe te laat dat misverstande ontstaan.

Party mense sien eerste die negatiewe kant van enige saak, maar dis belangrik dat jy moet probeer positief dink oor jouself en jou vermoëns tydens jou onderhoud.

*Deur Elzet Bester,* https://careersidekick.com/show-confidence-interview/

**TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE**

AFDELING C:  TAAL

VRAAG 3:  ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

TEKS D:  ADVERTENSIE




3.1 In watter seisoen word hierdie slypskool gehou? (1)

3.2 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

Die winter slypskool help sukkelende leerlinge. (1)

3.3 Skryf die volgende sin oor, maar verander dit na 'n STELSIN.

Doen Daniël sy huiswerk in die klas? (1)

3.4 Stem jy saam met die volgende stelling?

Hierdie Winterskool sal Afrikaans Eerste Addisionele taal leerders baie help.

Bewys jou antwoord deur EEN woord uit die stuk aan te haal. (1)

3.5 Gee die MEERVOUD van die woord in hakies.

Daar word baie (slypskool) aangebied. (1)

3.6 Wat is die funksie van die prentjie in die advertensie? (1)

**3.7 Die volgende stelling is WAAR. Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde aan om dit te bewys.**

**Jy sal nie die slypskool sonder die internet kan doen nie. (1)**

**3.8 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF. Begin soos aangedui.**

**Jy moet jou rekeningkunde by die slypskool oefen.**

**Begin so: Jy behoort ... (1)**

**3.9 Gee die korrekte TRAPPE VAN VERGELYKING vir die woord in hakies.**

**Jou punte sal baie (hoog) as voorheen wees. (1)**


**3.10 Wat word hierdie skool ook, volgens die prentjie genoem? (1)**

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- **Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.**
- **Voer die instruksies by elke vraag uit.**

**TEKS E**



**4.1 Kyk na Pa se liggaamstaal.**

**4.1.1 Hoe sou jy sê voel Pa oor sy seuntjie se gewig? (1)**

**4.1.2 Hoe kan jy aan Pa se woorde sien dat hy só voel? (1)**

**4.1.3 Beskryf Pa se liggaamstaal om jou antwoord in 4.1.1 te bewys. (1)**

**4.2 Skryf Pa se woorde in die INDIREKTE REDE.**

**Pa vra vir sy seun: "Kry jy nog enige oefening by die skool?" (1)**

**4.3 Skryf die sin in die KORREKTE WOORDORDE.**

**Die skoolkinders (te veel gemorskos, gereeld, gekoop, by die snoepie, het). (1)**

**4.4 Gee die korrekte DEELWOORD vir die woord in hakies.**

**Die seuntjie is 'n (bederf) brokkie! (1)**

**4.5 Vul die PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in die oop spasie in.**

**Die seuntjie breek ___ Pa se skaal. (1)**

**4.6 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.**

**Pa het sy seuntjie al op 'n streng dieet gesit. (1)**

**4.7 Hoe sien jy aan die skaal dat die seuntjie oorgewig is? (1)**

**4.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A-D) langs die vraagnommer (4.8) neer.**

**Volgens 'n studie, is bevind dat dit ... se skuld is dat kinders oorgewig is.**

**A. die onderwysers**
**B. die ouers**
**C. die snoepwinkel**
**D. die kinders (1)**

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- **Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) hieronder gebaseer.**
- **Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.**
- **Voer die instruksies by elke vraag uit.**

**5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.**

**TEKS F: ARTIKEL**

# BANGKOK

## Van bakens tot kos – ons verken alles van die hoofstad van Thailand.

**(5.1.1) Bangkok (of die "dorpie van wilde pruime") is die hoofstad van Thailand. Met byname soos "Die stad van die engele" en "Venesië van die Ooste" kan 'n mens sommer weet hierdie stad is (5.1.2) (baie vol) interessante (5.1.3) (verasings).**

**(5.1.4) Met meer as 90% van Thailand se bevolking wat Boeddhiste is, kan ons verstaan dat ons van die wêreld se grootste Boeddhiste-tempels hier kry. Die Tempel van die Rustende Boeddha, oftewel Wat Pho, is in 1788 deur die jong (5.1.5) (koning) Rama I opgeknap en is meer as (5.1.6) (300) jaar oud.**

**Nog 'n mooi tempel is die Tempel van die Dagbreek (Wat Arun). Die sentrale toring van dié tempel is een van die (5.1.7) (hoog) onder al die tempels in Bangkok en verteenwoordig die berg, Meru.**

**(5.1.8) Bangkok het van die kleurrykste markte en inkopie-ervarings in die Ooste. Een hiervan is die Chatuchak-mark, die grootste naweekmark ter wêreld. (5.1.9) Dit het <u>meer as 15 000</u> stalletjies en dis waar baie plaaslike inwoners hulle inkopies doen.**

**Thailand is bekend vir sy heerlike kos en Bangkok het baie restaurante (net oop gedurende (5.1.10) <u>besigheid+ure</u>) en stalletjies met straatkos wat gunsteling geregte soos pad thai en soet klewerige rys met mango insluit.**

**(5.1.11) Die plaaslike mense sal mok huak, of groeiende paddavissies (5.1.12) ___ 'n sous eet.**
**Larb mote is rooimiereiers en dis baie lekker as jy gewoond kan raak aan die idee dat jy (5.1.13) eiers van ___ mier eet!**
**Daar is natuurlik ook luu muu, rou varkboed wat saam met noedels voorgesit word... (5.1.14) Sommige mense sal met ___ ___ eet.**

**Verwerk uit: huisgenoot.com, 31 Maart 2022**

5.1.1 Skryf die GESEGDE in die sin neer.

Bangkok is die hoofstad van Thailand. (1)

5.1.2 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies.

Hierdie stad is (baie vol) interessante kossoorte. (1)

5.1.3 Gee die korrekte SPELLING van die woord in hakies.

Hierdie stad is vol (verasings). (1)

5.1.4 Verbind die sinne met die VOEGWOORD in hakies. Begin soos aangedui.

90% van Thailand se bevolking is Boeddhiste. Ons kan verstaan hoekom ons van die wêreld se grootste tempels hier kry. (Aangesien)

Begin so: Aangesien .... (1)

5.1.5 Gee die korrekte VERKLEINWOORD van die woord in hakies.

Die Tempel van die Rustende Boeddha, oftewel Wat Pho, is in 1788 deur die jong (koning) Rama I opgeknap. (1)

5.1.6 Skryf die getal in hakies voluit neer.

Dit is meer as (300) jaar oud. (1)

5.1.7 Gee die TRAPPE VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Die sentrale toring van dié tempel is een van die (hoog) onder al die tempels in Bangkok. (1)

5.1.8 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Bangkok het van die kleurrykste markte en inkopie-ervarings in die Ooste. (1)

5.1.9 STEL DIE VRAAG sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm.

Dit het <u>meer as 15 000</u> stalletjies. (1)

5.1.10 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde in hakies.

Bangkok het baie restaurante wat net oop is gedurende (besigheid+ure). (1)

5.1.11 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Die plaaslike mense sal mok huak, of groeiende paddavissies eet. (1)

5.1.12 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in die oop spasie in.

Die plaaslike mense sal groeiende paddavissies ___ 'n sous eet. (1)

5.1.13 Voltooi die sin met die korrekte LIDWOORD.

Larb mote is rooimiereiers en dis baie lekker as jy gewoond kan raak aan die idee dat jy eiers van ___ mier eet! (1)

5.1.14 Voltooi die volgende IDIOOM.

Sommige mense sal met ___ ___ eet. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

TEKS G: PRENT



[depositphotos.com]

5.2.1 Voltooi die sin deur die korrekte woord in te vul.

Al hierdie mense is in 'n ___. (1)

5.2.2 Gee die AFKORTING vir die woord in hakies.

Hierdie mense is in (Suid-Afrika), want dis so sonnig. (1)

5.2.3 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD en skryf dit neer.

Die seuntjie (wie/wat) voor sit, het sy hand opgesteek. (1)

5.2.4 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD in hakies.

Die kinders in hierdie klas het almal (goed) punte behaal. (1)

5.2.5 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord in hakies.

Die onderwyser se (skoonsuster) het hom gebel. (1)

5.2.6 Verdeel die woord in hakies in LETTERGREPE.

Die klas doen vandag (letterkunde). (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80